

Die Here oordeel regverdig, want Hy is heilig (OP64)

Num 31:1-54

31 Oktober 2021

In Num 25 het ons gelees van die gebeure by Sittim, waar die Israelitiese mans verlei is deur die Moabitiese en Midianitiese vrouens tot onsedelikheid en afgodsdienste. Dit het aanleiding daartoe gegee dat Pinehas vir Kosbi en Simri doodgesteek het, wat tot gevolg gehad het dat die plaag wat onder die volk gewoed het, gestop is, maar 24 000 het reeds gesterf. Die Here het in Num 25:16-18 vir Moses gesê dat a.g.v. hierdie optrede hulle die Midianiete as hulle vyande moet beskou en hulle moet doodmaak. Num 31 keer terug na hierdie opdrag van die Here.

In Num 26-30 is die vertelling onderbreek met 'n bespreking oor verskeie maniere waarop die volk voorberei is vir hulle inname van die land. Ons het geleer van die tweede sensus, van Selofgad se dogters wat ook 'n deel van die beloofde land sou ontvang, van Josua wat Moses as leier sou opvolg, van die verpligte offers en feeste wat die volk in die beloofde land moes bring, asook van hulle verantwoordelikheid rakende vrywillige geloftes. In 'n sekere sin is die beskrywing van die oorwinning van die Israeliete oor die Midianiete in Num 31 ook voorbereidend en bemoedigend vir die volk se inname van die land.

Oorsig oor die gebeure in Num 31

Ons begin deur 'n oorsig te vorm van die gebeure in Num 31. In verse 1-4 leer ons van die opdrag aan die volk. Die eerste aspek om raak te sien is dat die opdrag om teen die Midianiete te gaan oorlog maak, van die Here af kom. Dit was nie die volk of Moses wat hiervoor gevra het nie, nee, dit was die Here wat die opdrag gegee het. Beide verse 2 en 3 onderstreep die feit dat die doel met die oorlog is om die Midianiete te straf vir wat hulle aan die volk gedoen het toe hulle die volk verlei het tot afgodery en onsedelikheid. Die OAV praat van die Here se wraak. Vers 3 voeg by dat hierdie straf in die Naam van die Here uitgevoer moet word – die Here gee dus die opdrag, en die straf moet in Sy Naam uitgevoer word.

Vers 1 maak ook spesifiek melding van die feit dat nadat hierdie straf oor die Midianiete uitgevoer is, sal Moses sterf. In vers 4 leer ons dat die Here nie verwag het dat die hele volk teen die Midianiete moes optrek nie – slegs 1000 man per stam moes gaan, in totaal dus maar 12 000 man, wat 'n klein persentasie was van die volk wat bestaan het uit meer as 600 000 weerbare man.

Vers 5-12 leer dat Moses en die volk die opdrag van die Here uitgevoer het. 12 000 man is aangewys, en Moses het vir Pinehas, die priester, die seun van die hoëpriester Eleasar, ook gestuur om saam te gaan veg. Dit was ongewoon. Gewoonlik het priesters nie aan oorloë deelgeneem nie, maar onthou, Pinehas was in Num 25 juis die een wat opgestaan het vir die eer van die Here, en vir Simri en Kosbi doodgesteek het. Dit moes sekerlik vir die 12 000 man bemoedigend gewees het dat Pinehas saam gaan veg het. Vers 6 sê nie net het Pinehas saamgegaan nie, hy het boonop van die gewyde voorwerpe uit die tabernakel, insluitend die trompette, saam geneem in die oorlog. Dit is nie presies seker watter voorwerpe hy geneem het behalwe die trompette nie, maar dit is onwaarskynlik dat dit die verbondsark was.

Ons lees baie min detail oor die geveg self. Ons lees meer oor die uitkoms van die geveg. Die 12 000 man het al die Midianitiese mans doodgemaak (v7), insluitend vyf Midianitiese konings. Hierdie konings was Ewi, Rekem, Sur, Gur en Reba. Onthou Num 25:15 waar ons gelees het dat Kosbi juis die dogter van Sur was – haar pa is dus ook dood in die oorlog. En boonop, het die Israeliete ook vir Bileam doodgemaak: Bileam deur wie die Here die volk ryklik geseën het, maar wat ook die

Moabiete en Midianiete geadviseer het om die volk te verlei tot onsedelikheid en afgodery – hy sterf ook.

Verder het die 12 000 man die stede van die Midianiete verbrand, en die vrouens, kinders, diere en besittings van die Midianiete teruggebring na Moses, Eleasar en die volk toe (v11-12). Die optrede van die volk was hier dus anders as wat ons later lees van die inname van byvoorbeeld Jerigo – daar moes die volk die stad met die banvloek tref, en alles moes vernietig word. Dit was nie die geval hier nie – hulle kon die buit terugbring na die kamp toe. Hierdie oorlog was die wraak van die Here oor die Midianiete.

In verse 13-24 lees ons van Moses se reaksie toe die 12 000 man teruggekom het met die buit. Moses was kwaad vir die bevelvoerders omdat hulle die vrouens laat leef het. Die rede vir Moses se ontsteltenis was dat dit juis die vrouens was wat die Israelitiese mans verlei het, eers tot onsedelikheid en later tot afgodery. Hierdie oorlog was die wraak van die Here oor hierdie optrede wat deur die Midianitiese vrouens begin is, en daarom was dit verkeerd dat hulle die vrouens laat leef het. Moses het toe opdrag gegee dat hulle al die vrouens ook moes doodmaak, asook al die seuns – waarskynlik omdat die seuns die toekomstige geslag verteenwoordig het. Al wat gespaar was, was die dogters / vrouens wat nog nie gemeenskap met 'n man gehad het nie. Die wreedheid van hierdie gebeure stuit baie teen die bors, en ek sal later bietjie meer hieroor sê.

Ons lees verder dat almal wat iemand doodgemaak het, onrein was, en die tipiese reinigingshandeling wat gegeld het wanneer iemand kontak gehad het met 'n dooie persoon, moes voltooi. Hulle kon eers na voltooiing hiervan na sewe dae weer in die kamp kom. Selfs die buit was onrein en moes gereinig word. Alles wat nie kon verbrand nie, moes met vuur en die reinigingswater gereinig word, terwyl alles wat wel kon verbrand, net met reinigingswater gereinig moes word.

Verse 25-47 beskryf vir ons die manier waarop die buit verdeel is. Ek som dit kortliks op: Die buit is eerstens in twee helftes verdeel. Die een helfte is aan die 12 000 man gegee wat aan die oorlog deelgeneem het, terwyl die ander helfte aan die res van die volk gegee is. Elke lid van die volk het dus iets ontvang, maar die soldate wat die risiko van die oorlog geloop het, het beduidend meer ontvang as die gewone lede van die volk. Verder het die soldate een vyfhonderdste van hulle deel aan Eleasar en die priesters gegee, terwyl die res van die volk een vyftigste van hulle deel aan die Leviete gegee het. Weereens, die deel wat die volk gegee het was groter as wat die soldate gegee het – omrede die soldate die risiko van die oorlog geloop het. Natuurlik was daar ook baie meer Leviete as priesters, dus is die groter deel wat die volk geskenk het, vir die Leviete gegee. Dit blyk uit Jos 22:8 en 1 Sam 30:24 dat dit 'n tipiese gebruik geword het om die buit te verdeel tussen die soldate wat gaan veg het en die res van die volk wat agtergebly het.

Die grootte van die buit is astronomies – 675 000 kleinvee, 72 000 beeste, 61 000 donkies en 32 000 vrouens wat nog nie gemeenskap gehad het nie. Vergelyk maar net die 12 000 man wat gaan oorlog maak het met die 32 000 dogters wat gespaar is, dan kan jy begin dink hoeveel mans, vrouens en seuns wel doodgemaak is. Hierdie was 'n groot oorwinning wat die Here deur 'n relatief klein getal soldate gegee het, wat sekerlik die volk moes bemoedig vir die stryd om die beloofde land in te neem.

In verse 48-54 lees ons nog iets verstommends: Na die oorlog het die bevelvoerders al die soldate gaan tel en tot die slotsom gekom dat nie een van die Israeliete in die oorlog dood is nie! Die reaksie was dat die bevelvoerders al die goue goed wat hulle uit die buit gekry het, as 'n vrywillige addisionele gawe vir die Here gebring het. Dit was goue kettings, seëlringe, oorringe en halskettings. Net hierdie gawe het bykans 200 kilogram geweeg. Dit was op sy eie 'n reuse offer aan die Here.

Moses en Eleasar het hierdie gawe na die tabernakel geneem om daardeur die Here aan Israel te herinner.

Die Here oordeel regverdig, want Hy is heilig

Kom ons besin oor die betekenis van hierdie gedeelte. Ek wil die stelling maak dat ons hier juis baie van die Here leer, en meer spesifiek dat ons leer die Here oordeel regverdig omdat Hy heilig is. Kom ek motiveer hierdie stelling.

Dit is onmiskenbaar duidelik dat die Here die handelende party is. Ja, dit is so dat 12 000 man gaan oorlog maak, maar dit is die Here wat die opdrag aan Moses gee om te gaan oorlog maak, die Here gee die voorskrif oor hoeveel Israëliete moet optrek en Hy gee 'n groot oorwinning aan Sy volk, terwyl Hy elkeen van die soldate se lewens spaar.

Nie net is die Here die handelende party wat in beheer is nie, Hy is boonop in beheer van lewe: Hy kan vir Moses sê hy gaan hierna sterf, Hy laat duisende Midianiete sterf, en Hy spaar 12 000 Israelitiese soldate se lewens.

Verder leer ons dat die Here wraak neem – en die wraak van die Here is nie ongegrond nie. Hy wreek Hom hier heeltemal tereg op die Midianiete omdat hulle dit verdien het deurdat hulle die Israëliete van die Here wou afrokkel deur onsedelik met hulle om te gaan en hulle te betrek by afgodery. Dit alles het begin omdat Balak van die Moabiete bang was vir die Israëliete, alhoewel die Israëliete hom nie bedreig het nie (Balak was alreeds vroeër deur koning Sihon verslaan en van die Moabsvlakte verdryf). Balak het Bileam en die Midianiete hierby betrek. Wat so erg was, was dat Bileam en Balak goed geweet het die Here seën Sy volk, en dat hulle juis hierdie eksklusiewe verbondsverhouding tussen die Verbondsgod en Sy verbondsvolk geteiken het om die toorn van die Here oor Sy volk te bring. Ja, dit is so hulle het geslaag daarin dat die Here ferm met Sy volk gewerk het – 24 000 het deur die plaag gesterf by Sittim. Maar nou spreek die Here die wortel van die probleem aan: Hy neem wraak op Sy vyande – die Midianiete en Bileam self.

Maar let mooi op wat ons nounet gesê het: Die Here het by Sittim al teen Sy volk opgetree, en nou tree Hy op teen die Midianiete. Sy eie volk wat toegegee het aan die verleiding van die Midianitiese vrouens, is alreeds gestraf, hulle is eerste gestraf. Nou is dit die Midianiete se beurt. Lees 1 Pet 4:17-18. Die oordeel van die Here begin by Sy huis – hier het dit by Sittim al die Israëliete getref. Die Here is in die eerste plek besorgd oor Sy verbondsvolk. Dit beteken nie hulle word oorgeslaan as dit by oordeel kom nie. Nee, hulle word ook geoordeel – hulle word eerste geoordeel. Maar genadiglik oordeel die Here regverdig – net 24 000 Israëliete het gesterf, terwyl baie meer Midianiete gesterf het – al hulle mans, vrouens en seuns is dood. Soos 1 Pet ons leer kan ongelowiges 'n baie erger oordeel van die Here verwag as die gelowige wat in sonde geval het. As 'n gelowige beswaarlik gered word, wat dan van 'n sondaar? As 24 000 Israëliete by Sittim gesterf het, was dit te verwagte dat 'n swaarder oordeel die Midianiete sou tref. En dit is wat hier gebeur. Dit is tog regverdig, is dit nie?

Let ook op: Hierdie is 'n heilige oorlog. Dit is 'n oorlog waarvoor die opdrag van die Here gekom het, juis met die doel om Hom op die Midianiete te wreek. Ons sien dit verder in die feit dat Pinehas wat 'n priester was, saamgaan in die oorlog. Onthou, Pinehas was die een wat by Sittim opgetree ter beskerming van die eer van die Here, en in reaksie daarop het die Here 'n verbond met Pinehas gesluit dat hy vir altyd priester sal wees. Nou gaan juis hierdie priester Pinehas saam oorlog toe. En boonop het Pinehas van die heilige voorwerpe uit die tabernakel geneem na die oorlog. Hierdie oorlog was 'n heilige oorlog waarin die Heilige God sy wraak uitgeoefen het op mense wat Sy verbondsvolk teen Hom opgesteek het om hulle van Hom af te rokkel, sodat Hy sodoende teen Sy verbondsvolk sou draai. Die Midianiete het probeer om 'n wig in te dryf tussen die Verbondsgod en

Sy verbondsvolk – dit is geen geringe saak vir die Here nie, Hy hanteer dit ferm. Die vrouens moet sterf – dit was juis hulle wat die Israelitiese mans verlei het. Die mans moet sterf, want hulle is tog die hoof van hulle gesinne wat moes toesien dat die vrouens nie aan sulke praktyke deelneem nie. Die seuns moet sterf sodat dit die einde van die Midianitiese volk sou beteken. Die dogters wat nog nie gemeenskap met 'n man gehad het nie (en dus nie deel gehad het aan die verleiding van die Israelitiese mans nie) en wat nie in 'n gesagsposisie was nie, is egter gespaar – trouens hulle het selfs deel geword van die verbondsvolk!

Die Here voltrek die oordeel oor Midian deur lede van Sy volk. Die gevolg is 'n groot buit uit die oorlog. Selfs in die verdeling van die buit sien ons die regverdige oordeel van die Here: Die soldate het die grootste risiko geneem, daarom kry hulle die grootste deel van die buit. Maar die res van die volk word nie vergeet nie. Daardie 12 000 man het tog voordeel getrek uit die werk van die priesters, Leviëte en selfs ander lede van die volk. Daarom deel die hele volk in die buit. Maar die wat die grootste bydrae gemaak het, ontvang die grootste deel van die buit.

En as die bevelvoerders van die soldate agterkom dat al 12 000 man veilig teruggekeer het, is hulle logiese en spontane reaksie om 'n reuse offer aan die Here te bring. Want die eer kom die getroue Verbondsgod toe wat in regverdigheid geoordeel het – ter wille van Sy heiligheid.

Wreedheid van die gebeure

Soos ek vroeër genoem het, stuit die wreedheid van hierdie gebeure baie mense teen die bors – vrouens en kinders wat doelbewus doodgemaak is! Om dit te probeer regverdig, word soms geredeneer dat hierdie nog primitiewe tye was, dit was nog 'n voor-Christelike tyd, maar sedert Christus se koms doen Christene nie meer sulke dinge nie. Ek is nie oortuig die argument hou veel water nie. Immers, soos wat ons gesien het, het die opdrag vir die oorlog van die Here afgekóm, en dit was spesifiek Moses wat opdrag gegee het dat die vrouens en seuns ook doodgemaak moet word, terwyl ons niks lees dat die Here dit veroordeel het nie (onthou dat Moses sou sterf net oor hy nie met die rots gepraat het nie – sou die Here hierdie opdrag van Moses om die vrouens en seuns te laat doodmaak, ongemerk laat verbygaan het as dit teen die wil van die Here was?)

Ek is oortuig die antwoord lê in die feit dat die Here hier wraak geneem het op die Midianiete. Kyk na die volgende:

- Ons dink aan wraak as “offensive”, iets wat irrasioneel en buite beheer is. En dit is gewoonlik waar van mense. Maar hier is dit die Here wat handel. Sy wraak is heilig. Sy oordeel is regverdig.
- In Gen 15:16 lees ons dat die “ongeregtigheid van die Amoriete sy volle maat bereik het”. Die ongeregtigheid van die Midianiete het hier ook sy volle maat bereik, en gevolglik word hulle uitgewis. Daar kom 'n tyd in die lewe van 'n volk of 'n individu dat genadetyd uitgeloop het – dan kan dit die einde beteken vir daardie volk of individu.
- Daar is meer sulke gevalle in die Bybel: dink maar aan Sodom en Gomorra wat ook heeltemal verwoes is – die enigste verskil is dat die Here hier die volk as Sy instrument gebruik het om die oordeel te voltrek. Maar die uiteinde vir die Midianiete en Sodom en Gomorra is dieselfde.
- Ons moet ook in gedagte hou dat die Midianiete hulle aan 'n erge sonde skuldig gemaak het: hulle was nie werklik bedreig deur die Israeliete nie, maar het nogtans ingekoop by 'n skelm plan van Bileam, wat geld van Balak wou ontvang, om die volk onder die vloek van die Here te bring deur hulle van die Here af te rokkel. Dit was gemeen en doodeenvoudig boos. Onthou Jak 1:15: “Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en

as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood". Die Midianiete het hier die punt bereik dat dit vir hulle op die dood uitgeloop het.

Implikasies

Ek wil graag vier implikasies uitwys:

- Soos ons gesien het oordeel die Here ook oor Sy volk, trouens ons sien dat Sy oordeel juis by Sy volk, oftewel by die huis van die Here, begin. Ons het hier 'n voorbeeld daarvan gesien toe 24 000 by Sittim gesterf het. Maar daar is baie meer voorbeelde. Dink maar aan Num 11 waar baie van die volk gesterf het nog met die kwartels tussen hulle tande, of die oordeel van die Here oor die volk toe hulle by Kades Barnea nie die land wou gaan inneem nie, of later toe die Here die volk in ballingskap laat wegvoer het a.g.v. hulle sonde. Maar wat ons tog ook moet raaksien, is dat as die Here Sy kinders konfronteer oor hulle in sonde geval het, is dit 'n konstruktiewe konfrontasie – soos wat ons in Rom 5:3-5 lees: Swaarkry kweek volharding, volharding kweek egtheid van geloof, egtheid van geloof kweek hoop, en die hoop beskaam nie. Selfs met die ballingskap is die volk nie uitgewis nie – 'n oorblyfsel het teruggekom. Die doel is anders as wanneer die Here oor ongelowiges oordeel wie se maat vol geword het – Hy wil juis Sy kinders oortuig van die hoop wat hulle aan mag vashou.
- Enige vorm van oordeel is 'n voorloper, 'n herinnering en 'n waarskuwing oor die komende finale oordeel. Daar is baie ooreenkomste tussen die oordeel oor die Midianiete en die finale oordeel: Al die Midianitiese mans, vrouens en seuns het gesterf. Met die finale oordeel word almal wie se naam nie in die boek van die lewe is nie, in die vuurpoel gegooi. Moses as leier, en Pinehas as priester was in beheer van die voltrekking van die oordeel. Met die finale oordeel is Jesus die Ruiters op die wit perd wat oordeel. Die oordeel wat die Midianiete getref het, was erg. Die oordeel wat goddeloses tref in die finale oordeel is selfs erger. In Op 6:16-17 roep hulle uit na die berge en krans: "Val op ons en bedek ons vir die oë van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam. Die groot dag waarop Hulle die oordeel sal voltrek, het aangebreek, en wie sal staande kan bly?"
- Die oordeel oor die Midianiete het egter ook gepaard gegaan met 'n groot buit waarin die hele volk gedeel het, en die feit dat al 12 000 man se lewens gespaar is, het tot gevolg gehad dat die bevelvoerders gewillig ongeveer 200kg goud vir die Here gebring het. Die finale oordeel breek eers aan as al die uitverkorenes ingekom het – soos almal van die 12 000 behoue gebly het. En boonop lees ons in Op 11:18 dat met die blaas van die sewende trompet, roep die 24 ouderlinge uit: "Die eindtyd het aangebreek: die dooies word geoordeel; aan u dienaars, die profete, en aan die gelowiges, die wat U vrees, klein en groot, word hulle loon gegee". Almal deel in die loon, soos wat almal in Num 31 in die buit gedeel het. Maar hulle bring dan ook almal 'n groot offer van lof aan die Here – gaan kyk maar weer na daardie vier halleluja's in Op 19.
- Ons moet egter nie net aan die finale oordeel dink nie. Die Here het die Midianiete al in Num 31 geoordeel, Hy het nie gewag tot met die finale oordeel nie. Netso oordeel die Here ook nou alreeds. Daar is mense of groepe mense wie se maat van ongeregtigheid alreeds vol geword het, en oor wie die Here alreeds in hierdie lewe oordeel. Ja, natuurlik sal hulle ook nog die finale oordeel beleef en ook in die vuurpoel eindig, maar die Here kan alreeds Sy oordeel oor hulle bring voor die einde van die tyd, soos oor die Midianiete. Dikwels gebruik die Here dit as instrumente om ander te waarsku, of selfs om Sy kinders te bemoedig – soos wat die volk se oorwinning oor Midian hulle bemoedig het. Onthou Jak 1 waar ons leer dat dieselfde toets kan in verskillende mense óf veroordelend óf opbouend wees. Ek is oortuig daar is baie dinge rondom ons aan die gebeur wat mense óf verder van die Here af dryf, selfs

finaal hulle rug op die Here laat draai, óf hulle nader na die Here toe bring, selfs hulle by die punt bring om hulle lewens aan die Here te wy – dinge soos: covid-19, ekonomiese krisis, natuurrampe, ernstige siektes ensomeer.

Die punt is dit: Die Here is aktief betrokke in die geskiedenis van die wêreld. Hy tree op ter wille van die beskerming van Sy heiligheid. Hy wil dat mense Sy heiligheid sal raaksien, beskerm en besing. Dit beteken dat as daar iets gebeur wat Sy heiligheid aantast, of selfs as daar iets gebeur wat die mense bedreig wat wel Sy heiligheid erken, dan tree Hy op. Hy tree ferm op, Hy neem selfs wraak. Maar Hy doen dit regverdig. Dit kan die einde beteken van die wat Sy heiligheid aangetas het. Of dit kan hulle ernstig waarsku. Maar indien hulle nie ag slaan hierop nie, sal Hy hulle finaal vernietig – ten minste in die finale oordeel. Intussen gebruik Hy dit ook in die lewens van Sy kinders om hulle ook by heiligheid te bring – sodat Hy hulle in heerlijkheid kan ontvang, waar hulle elkeen hulle loon sal ontvang, en hulle aan Hom 'n groot offer sal bring vir hulle redding!